Besteding deur inwoners in buitelandse markte	57	55	55	52	57	60	59	63	69	Expenditure by residents in foreign markets
<i>Min Besteding deur nie-inwoners in die binnelandse mark</i>	110	113	111	121	126	126	127	136	138	<i>Less Expenditure by non-residents in the domestic market</i>
Totaal	3 161	3 302	3 385	3 456	3 556	3 607	3 738	3 974	4 335	Total
Duursaam	249	304	312	309	321	293	306	362	452	Durable
Semi-duursaam	534	556	569	594	617	619	650	709	790	Semi-durable
Nie-duursaam	1 382	1 429	1 468	1 509	1 543	1 593	1 652	1 733	1 854	Non-durable
Dienste ¹	996	1 013	1 036	1 044	1 075	1 102	1 130	1 170	1 239	Services ¹

1. Insluitende netto besteding van buitelanders in die binnelandse mark.

1. Including net expenditure of foreigners in the domestic market.

Tabel IV (vervolg)

**PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING INGEDEEL
VOLGENS DIENSTE EN DUURSAAMHEID
VAN GOEDERE**
Teen konstante 1963-pryse

R miljoene

Table IV (continued)

**PRIVATE CONSUMPTION EXPENDITURE
CLASSIFIED ACCORDING TO SERVICES
AND DURABILITY OF GOODS**
At constant 1963 prices

R millions

	1965	1966	1967	1968	1969	1970*	1971*	1972*	
Voedsel, drank en tabak	1 544	1 607	1 666	1 766	1 891	2 008	2 086	2 148	Food, beverages and tobacco
Nie-duursaam	1 544	1 607	1 666	1 766	1 891	2 008	2 086	2 148	Non-durable
Klerasie en skoeisel	479	499	532	575	642	720	789	809	Clothing and footwear
Semi-duursaam	479	499	532	575	642	720	789	809	Semi-durable
Huur, brandstof en krag	474	497	527	551	572	602	626	670	Rent, fuel and power
Nie-duursaam	122	131	142	153	163	175	186	202	Non-durable
Dienste	352	366	385	398	409	427	440	468	Services
Meubels, toerusting en lopende huishouding	635	661	686	751	790	815	839	866	Furniture, equipment and household operation
Duursaam	198	208	220	257	277	279	284	298	Durable
Semi-duursaam	149	157	163	180	189	203	213	215	Semi-durable
Nie-duursaam	73	76	78	80	83	85	86	88	Non-durable
Dienste	215	220	225	234	241	248	256	265	Services
Mediese versorging en gesondheidsuitgawes	132	134	139	148	152	154	160	164	Medical care and health expenses
Duursaam	1	1	1	1	1	1	1	1	Durable
Nie-duursaam	39	39	42	44	46	47	48	49	Non-durable
Dienste	92	94	96	103	105	106	111	114	Services
Vervoer en kommunikasie	595	631	665	716	784	868	886	936	Transport and communication
Duursaam	169	172	185	200	241	275	254	260	Durable
Semi-duursaam	93	102	108	115	121	132	142	151	Semi-durable
Nie-duursaam	125	138	146	155	164	178	192	204	Non-durable
Dienste	208	219	226	246	258	283	298	321	Services
Ontspanning, vermaak, opvoeding en kulturele dienste	240	251	260	286	301	325	336	344	Recreation, entertainment, education and cultural services
Duursaam	39	42	47	59	64	70	71	72	Durable
Semi-duursaam	53	55	57	62	63	70	66	67	Semi-durable
Nie-duursaam	52	53	54	58	63	67	75	77	Non-durable
Dienste	96	101	102	107	111	118	124	128	Services
Diverse goedere en dienste	519	550	574	619	650	695	714	734	Miscellaneous goods and services
Duursaam	40	44	45	46	47	51	52	55	Durable
Semi-duursaam	78	82	86	95	103	108	108	105	Semi-durable
Dienste	401	424	443	478	500	536	554	574	Services
Besteding in die binnelandse mark	4 618	4 830	5 049	5 412	5 782	6 187	6 436	6 671	Expenditure in the domestic market
Besteding deur inwoners in buitelandse markte	70	73	78	82	88	102	113	120	Expenditure by residents in foreign markets
Min Besteding deur nie-inwoners in die binnelandse mark	140	155	161	163	169	180	195	198	Less Expenditure by non-residents in the domestic market
Totaal	4 548	4 748	4 966	5 331	5 701	6 109	6 354	6 593	Total
Duursaam	447	467	498	563	630	676	662	686	Durable
Semi-duursaam	852	895	946	1 027	1 118	1 233	1 318	1 347	Semi-durable
Nie-duursaam	1 955	2 044	2 128	2 256	2 410	2 560	2 673	2 765	Non-durable
Dienste ¹	1 294	1 342	1 394	1 485	1 543	1 640	1 701	1 795	Services ¹

1. Insluitende netto besteding van buitelanders in die binnelandse mark.

1. Including net expenditure of foreigners in the domestic market.

Private verbruiksbesteding in Suid-Afrika: 1947 tot 1972

deur J. J. J. van Rensburg

Inleiding

Private verbruiksbesteding is die vernaamste bestedingskomponent in die nasionale rekeninge en enige verandering in sy groeikoers het noodwendig 'n belangrike uitwerking op ekonomiese groei in die algemeen. Dit is derhalwe gepas dat besondere aandag van tyd tot tyd aan die omvang, samestelling en groei van private verbruiksbesteding gegee word. Afgesien van twee vorige artikels¹ wat in die Bank se *Kwartaalblad* verskyn het, is besonderhede van die vernaamste komponente van private verbruiksbesteding in Suid-Afrika vir die tydperk 1947 tot 1970 ook gepubliseer in tabelle 8, 9 en 10 van „n Statistiese aanbieding van Suid-Afrika se nasionale rekeninge vir die tydperk 1946 tot 1970”, wat as ‘n Bylaag tot die Suid-Afrikaanse Reserwebank se *Kwartaalblad* van Junie 1971 verskyn het. Hierdie tabelle het inligting omtrent besteding, geklassifiseer volgens objek teen sowel heersende as konstante 1963-pryse en volgens dienste en die duursaamheid van goedere teen heersende prys, bevat. Hierdie syfers word op datum gehou in lopende uitgawes van die *Kwartaalblad* en hersiene ramings vir 1967 tot 1970 en syfers vir 1971 en 1972 verskyn in tabelle S-72 en S-73 van hierdie uitgawe.

Die hoofdoelstellings van hierdie artikel is derhalwe om meer volledige statistiese inligting omtrent die komponente van private verbruiksbesteding te publiseer, om die metodes wat gebruik word en die bronre van basiese inligting wat vir die raming van die onderskeie groothede aangewend word te beskryf, en om kortlik die groei in die totaal en in sekere belangrike komponente van private verbruiksbesteding te bespreek en aandag te gee aan sekere strukturele veranderings wat gedurende die na-oorlogse tydperk voorgekom het. Omvattende statistiek oor private verbruiksbesteding word in die statistiese tabelle aangegee². Tabelle I en II bevat inligting oor private verbruiksbesteding geklassifiseer volgens objek teen heersende en konstante 1963-pryse, onderskeidelik. In Tabelle III en IV word inligting oor private verbruiksbesteding geklassifiseer volgens dienste en die duursaamheid van goedere teen heersende en konstante 1963-pryse, onderskeidelik, verskaf. Hierdie inligting kan nuttig wees in empiriese en teoretiese ondersoekte, vir doeleindes van beplanning en marknavorsing en vir die toetsing van sekere hipoteses aangaande verbruikersgedrag.

Afdeling I van hierdie artikel omvat die definisies, begrippe en beginsels onderliggend aan private verbruiksbestedingsyfers, terwyl afdeling II 'n beskrywing van die metodes en die basiese bronre van inligting

wat in die berekenings gebruik word, bevat. Afdeling III word gewy aan 'n bespreking van die groei in die totaal en in sekere belangrike komponente van verbruiksbesteding en strukturele veranderings wat gedurende die na-oorlogse tydperk voorgekom het. Afdeling IV bevat 'n kort bespreking van die wisselwerking tussen private verbruiksbesteding en die konjunkturgolf, terwyl 'n kort bespreking van die meer belangrike teorieë van verbruik in die volgende afdeling aangebied word tesame met 'n regressie-analise van verbruiksbesteding en beskikbare persoonlike inkome. Laastens word daar in Afdeling VI 'n opsomming en gevolgtrekkings aangebied.

I. Definisies, begrippe en beginsels

Private verbruiksbesteding behels die finale verbruiksbesteding van huishoudings en private nie-winssoekende instellings wat huishoudings bedien en bestaan uit uitgawes aan nuwe goedere en dienste verminder met die netto verkoopswaarde van tweedehandse goedere, skrot en afval. Ook hierby ingesluit is die wins- of handelaarsmarges op die verkope van tweedehandse goedere (maar nie die volle aankoopprys nie) aan private huishoudings en die administratiewe uitgawes van nie-winssoekende instellings wat huishoudings bedien. „Huishoudings” verwys na individue in hul hoedanigheid as verbruikers in 'n huishoudings- of gesinsverband, soos duidelik te onderskei van sakebedrywigheide, terwyl private nie-winssoekende instellings wat huishoudings bedien, liggeme is wat hoofsaaklik sosiale en gemeenskapsdienste gratis aan huishoudings verskaf, of teen verkooppryse wat nie bedoel is om ten volle die produksiekoste van die dienste te dek nie, en wat nie uitsluitend, of hoofsaaklik, deur openbare owerhede beheer of gefinansier word nie. Voorbeeld van sodanige liggeme is sosiale en sportklubs, sosiale, liefdadigheids- en kerklike organisasies, ens. Die verwysing na huishoudings in hierdie artikel sal ook hierdie liggeme en organisasies insluit.

Die uitgawes van huishoudings aan goedere en dienste word oor die algemeen aangeteken op die tydstip waarop die aankope in werklikheid gemaak word, ongeag vertragings in die aflewering van die goedere. Met uitsondering van huurkooptransaksies word 'n aankoop geag om plaas te vind op die tydstip waarop huishoudings die wettige eienaar van die goedere word, of wanneer die dienste gelewer word. In die geval van huurkooptransaksies word die aankoop geag om plaas te vind op die tydstip waarop die kontrak onderteken is, of, indien daar geen formele ooreenkoms is nie, op die tydstip waarop die goedere afgelever word. Op soortgelyke wyse word huishoude aankope van tweedehandse goedere aangegeteken op die tydstip waarop eienaarskap verwissel.

Twee begrippe van verbruiksbesteding deur huishoudings word gebruik, naamlik verbruiksbesteding in die binnelandse mark en verbruiksbesteding van

1. Du Plessis, J. C. en L. W. A. Nel: Private verbruiksbesteding in die Unie van Suid-Afrika, 1951-1959, Bylaag tot die *Statistiese Kwartaalblad*, Suid-Afrikaanse Reserwebank, Desember 1960; en Groenewald, B. P. en A. D. Kock: Private verbruiksbesteding in Suid-Afrika, 1947-1963, *Statistiese Kwartaalblad*, Suid-Afrikaanse Reserwebank, Desember 1964.

2. Tabelle I tot IV verskyn op bladsye 30-41.

inwoner-huishoudings. Eersgenoemde begrip verwys na die besteding van permanente inwoners en nie-inwoner-huishoudings in die binnelandse gebied van die land. Verbruiksbesteding deur inwoner-huishoudings alleen word afgelei van die besteding in die binnelandse mark deur die direkte aankope van verbruikersgoedere deur inwoner-huishoudings in die buitenland *by te tel* en die aankope van nie-inwoner-huishoudings in die binnelandse mark *aftrektrek*.

Private verbruiksbesteding kan, eerstens, geklassifiseer word volgens die vernaamste objek of doel waaroor die goedere verkry word. Tweedens, kan goedere van dienste geskei word en kan 'n onderskeid tussen duursame, semi-duursame en nie-duursame goedere gemaak word. Eersgenoemde klassifikasie (d.w.s. uitgawes volgens objek of doel) is nodig vir die bestudering van verbruikersvraag en -welvaart terwyl laasgenoemde klassifikasie (d.w.s. volgens dienste en die duursaamheid van goedere) benodig word vir die raming van die voorraad huishoudelike goedere en om die gevoeligheid van die verskillende klasse verbruiksbesteding vir slike veranderings te bestudeer.

Duursame goedere word gedefinieer as goedere met 'n verwagte lewensduur van langer as een jaar en waarvan die aankooppryse gewoonlik betreklik hoog is, byvoorbeeld motors en meubels. Semi-duursame goedere, bv. klerasie en skoeisel en huishoudelektekstiele, het oor die algemeen 'n korter verwagte lewensduur as duursame goedere, ofskoon gelyk aan een jaar of ietwat langer, terwyl hulle aankooppryse ook aansienlik laer is as dié van duursame goedere. Nie-duursame goedere bestaan uit goedere met 'n verwagte bruikbare lewensduur van minder as een jaar, soos die besteding aan voedsel, drank en tabak. Die kategorie dienste sluit in die besteding deur huishoudings aan alle klasse van dienste, soos werklike en geïmputeerde huur, alle professionele dienste soos mediese en regsdienste, ens. 'n Volledige lys van goedere en dienste, geklassifiseer volgens objek (doel) en volgens dienste en die duursaamheid van goedere, soos dit deur die Statistiese Kantoor van die Verenigde Volke³ saamgestel is, word in die bylaag tot hierdie artikel gegee.

Met enkele uitsonderings word private verbruiksbesteding teen markpryse, d.w.s. teen transaksiewaardes in die markekonomie, gewaardeer. Die uitsonderings verteenwoordig goedere geproduseer en verbruik deur die landbousektor sowel as goedere geproduseer vir tuis-(leie-) verbruik. In hierdie gevalle word die goedere teen produsentepryse gewaardeer.

II. Metodes en bronse van inligting gebruik in die berekening van private verbruiksbesteding

Vier verskillende basiese metodes kan in die berekening van private verbruiksbesteding gevolg word:

(a) Die goederevloeimetode

Hierdie metode volg die vloei van goedere vanaf die

primêre produsent of vervaardiger deur die verskillende stadiums van verspreiding na die verbruiker. Die verskillende stappe in die berekening van verbruiksbesteding volgens hierdie metode is soos volg:

- (i) Die berekening van die waarde van vervaardigde finale goedere en die verkoopswaarde van nie-vervaardigde finale goedere, byvoorbeeld, vars vrugte en groente, deur binnelandse produsente.
- (ii) Die toedeling van binnelandse produksie plus invoere, insluitende vervoerkoste, na uitvoere, groot-handelaars, kleinhandelaars en finale verbruikers.
- (iii) Die verdeling van die verkope van groothandelaars tussen verkope aan kleinhandelaars en aan finale verbruikers, nadat voorsiening vir veranderings in voorrade, die byvoeging van winsmarges en die vloei na uitvoere gemaak is.
- (iv) Die berekening van die waarde van verkope van kleinhandelaars aan finale verbruikers nadat voorsiening vir veranderings in voorrade en die byvoeging van winsmarges gemaak is.
- (v) Die optelling van die aankope van finale verbruikers vanaf produsente, vervaardigers, groothandelaars en kleinhandelaars.

Om hierdie metode toe te pas moet omvattende en betroubare statistiese gegewens van die vloei en koste van goedere vanaf die primêre produsente of vervaardigers na die uiteindelike verbruikers beskikbaar wees. As gevolg van die gebrek aan die nodige statistiek word hierdie metode nie algemeen in Suid-Afrika gebruik nie.

(b) Die kleinhandelswaarderingsmetode

Hierdie metode omvat die berekening van die verbruiks-waarde van goedere en dienste deur die vermenigvuldiging van die volume van individuele kommoditeit verbruik met 'n toepaslike kleinhandels- of verbruikerspryse. Die volume van elke kommoditeit vir finale verbruik aangekoop word geraam op basis van die hoeveelheid geproduseer of vervaardig, plus invoere min uitvoere en plus of min die verandering in voorrade. Aansuiwerings moet ook gemaak word vir daardie goedere wat nie vir finale verbruik bestem is nie. In Suid-Afrika word hierdie metode in die berekening van uitgawes aan motors, voedsel, huur, huishoudelekdiens, motorbrandstof, motorbande, -onderdele en -bybehore, ens., gebruik.

(c) Die kleinhandelsverkopemetode

Volgens hierdie metode word verbruiksbesteding op die basis van die waarde van kleinhandelsverkope aan finale verbruikers geraam. Die algemene prosedure wat gevolg word is om die waarde van kleinhandelsverkope wat uit distribusiesensusse of steekproefopnames

3. Verenigde Volke-Organisasie: Department of Economic and Social Affairs, *A System of National Accounts, Studies in Methods, Series F, No. 2, Rev. 3*, New York, 1968.

verkry word, vir die verkoop van tweedehandse goedere en verkoop aan ander instansies as finale verbruikers aan te suiwer. Slegs die bruto handelsmarges op tweedehandse goedere wat aan finale verbruikers verkoop word, word by private verbruiksbesteding ingesluit. Om die finale verbruiksbesteding volgens hierdie metode te bereken, moet die waarde van groothandelsverkoop aan finale verbruikers, die waarde van vergoeding in natura en die waarde van goedere geproduseer en verbruik, byvoorbeeld voedsel op plase geproduseer en verbruik, bygetel word. Hierdie metode word omvattend in Suid-Afrika gebruik vir die berekening van verbruiksbesteding aan belangrike poste soos meubels en huishoudelike toestelle, klerasie en skoeisel, drank, ens.

(d) Die gesinsbegrotingmetode

Volgens hierdie metode word die berekening van private verbruiksbesteding gebaseer op die uitgawe aan 'n spesifieke verbruiksartikel deur gesinseenhede. As gevolg van die groot getal verbruikerseenhede betrokke, is dit in die praktyk nodig om die resultate van steekproefopnames van gesinsuitgawes te gebruik. Die uitgawe aan 'n spesifieke artikel of diens deur 'n gesinseenheid ten tye van die opname word met die aantal gesinne in die land vir daardie jaar vermenigvuldig ten einde die totale besteding aan die betrokke artikel of diens vir daardie jaar te verkry. Ramings vir daaropvolgende jare moet voorsiening maak vir toename in die aantal gesinne sowel as prysstygings. Terwyl hierdie metode as sodanig nie algemeen in Suid-Afrika gebruik word om private verbruiksbesteding te raam nie, word dit egter gebruik in die raming van sommige komponente van verbruiksbesteding, in die besonder dienstposte.

Die ondervinding het bewys dat die mees betroubare metodes vir die raming van verbruiksbesteding in Suid-Afrika die kleinhandelswaarderings- en kleinhandelsverkopemetodes is. In Suid-Afrika word distribusiesensusse egter slegs elke vyf of tien jaar geneem, met die gevolg dat toepaslike indekse of ander metodes gebruik moet word om tussen sensussyfers te interpoleer en om sensussyfers vir onlangse jare te ekstrapoleer.

Daar is talryke statistiese bronne vir die berekening van private verbruiksbesteding in Suid-Afrika. Die belangrikste bronne van inligting is die publikasies van die Departement van Statistiek, veral sensusse van die groot- en kleinhandel en dienste, nywerheidssensusse, opnames van gesinsuitgawes, bevolkingsensusse en indekse van kleinhandelsverkoop. Ander belangrike bronne is publikasies van staatsdepartemente, byvoorbeeld die Departement van Binnelandse Inkomste en die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, en statistiek wat beskikbaar gestel word deur privaatliggame soos die Nasionale Vereniging van Automobielvervaardigers van Suid-Afrika.

Bostaande metodes verwys na die berekenings van

verbruiksbesteding teen heersende prys. Om die besteding teen konstante prys, wat 'n aanwyser van reële aktiwiteit in die verbruikersmark is, te beraam, moet die reekse teen heersende prys aangesuiwer word vir prysveranderings. Om private verbruiksbesteding teen heersende prys om te skakel na konstante prys, word elke pos of komponent van 'n pos herwaardeer teen hulle onderskeie basisjaarpryse, en daarna gesommeer om die totale private verbruiksbesteding teen konstante prys te kry. Waar moontlik, word reële waardes bereken deur waardesyfers in die basisjaar te ekstrapoleer met toepaslike volume-indekse. Waar volume-indekse nie beskikbaar is nie, word toepaslike prysindekse gebruik om die betrokke reekse teen heersende prys na konstante prys om te skakel. Indien nie een van bogenoemde metodes suksesvol toegepas kan word nie, word die algemene verbruikersprysindeks of komponente daarvan gebruik om die reekse teen heersende prys te defleer. Laasgenoemde metode word tans slegs gebruik in die geval van poste wat 'n baie klein gedeelte van totale private verbruiksbesteding uitmaak. Daar word gebruik gemaak van 'n groot aantal verskillende indekse, soos dié wat beskikbaar is vir komponente van die amptelike verbruikers- en groothandelsprysindeks, kleinhandelsverkoop en die fisiese volume van fabrieksproduksie, wat almal deur die Departement van Statistiek bereken word, sowel as indekse wat saamgestel word op basis van inligting wat direk deur die Reserwebank ingesamel word.

Ten einde 'n benaderde aanduiding van totale prysveranderings van private verbruiksbesteding te kry, kan veranderings in die afgeleide deflator vir private verbruiksbesteding gebruik word. Hierdie deflator word afgelei deur die syfers vir private verbruiksbesteding teen heersende prys vir 'n bepaalde jaar deur die ooreenstemmende waardes teen konstante prys te deel. Alhoewel die persentasietoename in die amptelike verbruikersprysindeks in individuele jare in die verlede merkbaar afgewyk het van die ooreenstemmende persentasietoenames in die afgeleide private verbruiksbestedingsdeflator, het ondervinding bewys dat veranderings in hierdie twee indekse 'n baie sterk korrelasie toon.

III. Groei in die belangrikste komponente en strukturele veranderings in die samestelling van private verbruiksbesteding

Wanneer die jaarlikse koerse van toename in private verbruiksbesteding teen konstante prys gedurende die tydperk 1947 tot 1972 in oënskou geneem word, blyk dit dat slegs twee sub-tydperke duidelik onderskei kan word. Die eerste tydperk van betreklik stadige maar stabiele groei teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van ongeveer 3 persent dek die jare 1947 tot 1962 en die tweede tydperk van betreklik hoë maar wissellende groeikoerse van gemiddeld ongeveer 6 persent per

Tabel 1.
Gemiddelde jaarlikse persentasieverandering in private verbruiksbesteding en in die afgeleide private verbruiksbestedingsdeflator.

	1947- 1954	1955- 1962	1963- 1972	1947- 1972
Teen heersende pryse				
Duursame goedere	8,1	3,2	11,8	8,8
Semi-duursame goedere	8,5	3,5	10,3	7,7
Nie-duursame goedere	8,9	5,0	9,2	7,7
Dienste	7,8	5,6	10,7	8,1
Totaal	8,4	4,7	10,1	7,9
Teen konstante 1963-pryse				
Duursame goedere	0,6	3,2	7,4	5,0
Semi-duursame goedere	4,4	3,1	7,4	5,3
Nie-duursame goedere	3,6	3,1	5,3	4,1
Dienste	3,6	2,2	4,9	3,6
Totaal	3,5	2,9	5,8	4,3
Afgeleide private verbruiksbestedingsdeflator				
Duursame goedere	7,5	—	4,1	3,6
Semi-duursame goedere	3,9	0,4	2,7	2,3
Nie-duursame goedere	5,1	1,8	3,7	3,5
Dienste	4,1	3,3	5,5	4,3
Totaal	4,7	1,7	4,1	3,5

jaar die jare 1963 tot 1972. Vir doeleindes van ontleiding word die tydperk 1947 tot 1962 verder onderverdeel in twee tydperke, naamlik 1947 tot 1954 en 1955 tot 1962, waarin private verbruiksbesteding toegeneem het teen gemiddelde jaarlikse koerse van 3,5 en 2,9 persent, onderskeidelik.

Soos uit tabel 1 blyk het die verloop van besteding gedurende die drie tydperke wat onderskei word aansienlik verskil. Private verbruiksbesteding teen sowel heersende as konstante pryse het gedurende die eerste tydperk teen betreklik hoë koerse gestyg, gedurende die daaropvolgende tydperk het die groeikoerse effens afgeneem en daarna gedurende die laaste tydperk weer versnel.

Een van die mees uitstaande kenmerke gedurende die tydperk 1947 tot 1954 was dat die reële private verbruiksbesteding aan duursame goedere byna geen styging getoon het nie. Hierdie verskynsel kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die beperkende maatreëls wat na die Tweede Wêreldoorlog ingestel is om die verbruikersvraag in te kort en aan die skaarste aan duursame goedere gedurende die na-oorlogse jare. Gedurende die daaropvolgende tydperk, naamlik 1955 tot 1962, het verbruiksbesteding aan duursame goedere teen konstante pryse teen 'n merkbare hoër gemiddelde jaarkoers toegeneem en die koers van toename het gedurende die tydperk 1963 tot 1972 selfs verder versnel. Die versnelling in die groeikoers gedurende laasgenoemde tydperk was hoofsaaklik toe te skryf aan skerp toenames in die besteding aan nuwe motorvoertuie en meubels en huishoudelike toerusting, wat teen gemiddelde jaarkoerse van 7,2 persent en 7,6 persent onderskeidelik gestyg het.

Nadat die besteding aan semi-duursame goedere teen konstante pryse gedurende die tydperk 1947 tot 1954 teen 'n betreklik hoë koers gestyg het, het dit gedurende die tweede tydperk verlangsaam en toe weer vanaf 1963 tot 1972 aanmerklik versnel. Die duidelike versnelling in die koers van toename gedurende laasgenoemde tydperk was hoofsaaklik die gevolg van groter besteding aan klerasie en skoeisel. Besteding aan klerasie en skoeisel teen konstante pryse het gedurende die tydperk 1963 tot 1972 teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van nie minder nie as 8,4 persent gestyg.

As gevolg van die hoë korrelasie tussen die totale bevolking en die besteding aan voedsel, het verbruiksbesteding aan nie-duursame goedere (hoofsaaklik voedsel) teen konstante pryse regdeur die na-oorlogse tydperk 'n baie meer reëlmagtige koers van toename getoon. Die versnelling in die koers van toename gedurende die sub-tydperk 1963 tot 1972 kan toegeskryf word aan die betreklik hoë koers van toename in lewenstandaarde wat gedurende daardie tydperk voorgekom het.

Veranderings in die koers van toename in die besteding aan dienste teen konstante pryse het die patroon van veranderings in die totale groeikoers van die volkshuishouding baie nou gevolg. Nadat dit vanaf 1947 tot 1954 teen 'n betreklik hoë gemiddelde jaarkoers gestyg het, het die gemiddelde koers van toename in besteding aan dienste gedurende die tydperk 1955 tot 1962 aansienlik gedaal voordat dit weer vanaf 1963 tot 1972 versnel het.

Afgesien van die jare 1948, 1951 tot 1953, 1971 en 1972, het verbruikerspryse gedurende die meeste van die na-oorlogse jare teen 'n betreklik lae koers gestyg. Dit blyk duidelik uit die gegevens in tabel 2.

Die hoë koers van toename in pryse wat gedurende 1948 ondervind is, kan in verband gebring word met die wêreldwye inflasie na die Tweede Wêreldoorlog, en dié gedurende die tydperk 1951 tot 1953 aan die devaluasie van die Britse pond en die Suid-Afrikaanse pond in 1949 en die Koreaanse Oorlog gedurende die vroeë vyftigerjare wat internasionale kommoditeitspryse skerp laat styg het. Die skerp toename in verbruikerspryse wat gedurende 1971 en 1972 ondervind is, was in 'n groot mate toe te skryf aan die styging in pryse van dienste, skerp stygings in voedselprysse as gevolg van swak klimaatsomstandighede, die herskikking van wisselkoerse en die wêreldwye inflasie in die algemeen.

Alhoewel die afgeleide private verbruiksbestedingsdeflator gedurende die tydperk 1963 tot 1972 teen 'n heelwat vinniger koers gestyg het, as gedurende die voorafgaande tydperk (sien tabel 1), is dit nogtans merkwaardig dat die hoogste koerse van toenames aangeteken is ten opsigte van duursame goedere en dienste, teenoor baie meer matige koerse van toenames in die pryse van meer noodsaklike goedere soos voedsel, klerasie en skoeisel. Die hoë koers van toe-

Tabel 2.
Persentasieverandering in private verbruiksbesteding en in die afgeleide private verbruiksbestedingsdeflator.

	Teen heersende pryse	Teen konstante pryse	Afgeleide deflator
1948	12,6	6,1	6,1
1949	4,5	2,5	2,0
1950	5,1	2,1	2,9
1951	12,6	4,5	7,8
1952	11,0	2,3	8,5
1953	8,0	3,9	3,9
1954	5,6	3,1	2,4
1955	7,4	4,1	3,2
1956	4,2	2,9	1,3
1957	6,6	4,5	2,0
1958	4,7	2,5	2,1
1959	3,8	2,1	1,7
1960	5,2	2,9	2,2
1961	3,3	1,4	1,9
1962	5,4	3,6	1,7
1963	8,0	6,3	1,6
1964	12,3	9,1	2,9
1965	8,8	4,9	3,7
1966	8,4	4,4	3,8
1967	8,1	4,6	3,3
1968	9,6	7,3	2,1
1969	10,7	6,9	3,6
1970	11,5	7,2	4,0
1971	10,5	4,0	6,3
1972	11,1	3,8	7,0

name in die pryse van dienste kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die styging wat ten opsigte van huis- en woonstelhuur aangeteken is. Waar huur gedurende die tydperk 1955 tot 1962 teen 'n gemiddelde jaarkoers van 4,3 persent gestyg het, het dit gedurende die tydperk 1963 tot 1972 aansienlik versnel tot nie minder nie as 7,5 persent.

Die uiteenlopende groeikoerse wat hierbo bespreek is, het tot belangrike veranderings in die samesetting van die private verbruiksbesteding teen konstante pryse geleid. Die belangrikste verandering was egter die styging in die relatiewe belangrikheid van besteding aan duursame en semi-duursame goedere en 'n afname in die relatiewe aandeel van besteding aan dienste. Besteding aan nie-duursame goedere, wat die grootste komponent van private verbruiksbesteding verteenwoordig, naamlik ongeveer 43 persent, het sy relatiewe aandeel min of meer behou oor die hele na-oorlogse tydperk. Verbruiksbesteding aan voedsel teen konstante pryse, die grootste enkele pos van private verbruiksbesteding, het 'n geleidelike afname in belangrikheid vanaf 28,5 persent in 1947 tot 23,1 persent in 1972 getoon. Aan die ander kant het die persentasie van die besteding aan persoonlike duursame vervoertoerusting vanaf 2,0 persent in 1950 tot nie minder nie as 3,9 persent in 1972 gestyg. Hierdie veranderings in die relatiewe verhoudings

is in ooreenstemming met die algemeen aanvaarde ekonomiese wet dat namate 'n volk se lewenstandaard styg daar relatief meer bestee sal word aan duursame en semi-duursame goedere, d.w.s. goedere van 'n luukse aard, en minder aan goedere van 'n noodsaklike aard, soos voedsel.

Ook van belang is die dalende neiging van die relatiewe aandeel van reële private verbruiksbesteding in die totale besteding aan die bruto binnelandse produk gedurende die na-oorlogse tydperk, naamlik vanaf ongeveer 72 persent gedurende die tydperk 1947 tot 1954 tot 61 persent gedurende die tydperk 1963 tot 1972. Die relatiewe groot aandeel wat gedurende die vroeëre tydperk aangeteken is, kan egter in 'n mate in verband gebring word met die groot onbevredigde vraag wat net na die oorlog bestaan het. Nieteenstaande sy dalende relatiewe belangrikheid, het die private verbruiksbesteding een van die vermaakte ekspansionistiese kragte in die volkshuisvesting gebly.

IV. Beïnvloeding van private verbruiksbesteding vir anti-sikliese doeleinades

Die klassifikasie van private verbruiksbesteding volgens dienste en die duursaamheid van goedere is noodsaklik, nie alleen vir betekenisvolle ontleding van verbruikersvraag en welvaart nie, maar ook om die owerhede by te staan in die beplanning en toepassing van gepaste maatreëls om, wanneer dit nodig geag word, besteding aan sekere verbruiksgoedere te stimuleer of te beperk.

Maatreëls, toegespits op private verbruiksbesteding met die doel om binnelandse ekonomiese toestande te beïnvloed, word heel dikwels deur die owerhede ingestel. Hierdie maatreëls kan insluit veranderings in persoonlike inkomstebelastingkoerse, die verkoopreg, die voorwaardes van huurkoopkrediet en invoerbeheerregulasies, of maatreëls toegepas deur die monetêre owerhede om die koste en beskikbaarheid van geld en krediet in die algemeen, en verbruikskrediet in die besonder, te beïnvloed.

In 'n toestand van oormatige monetêre vraag moet die owerhede soms maatreëls instel om die binnelandse vraag en meer spesifiek private verbruiksbesteding aan bande te lê. Aangesien besteding aan duursame goedere die mees onbestendige komponent van die verbruikersvraag is, het maatreëls wat gerig was op die beperking van besteding aan duursame goedere, byvoorbeeld strenger huurkoopkredietvoorraardes t.o.v. sekere artikels, in die verlede die oormatige koers van toename in die verbruikersvraag doeltreffend verlaag. In 1970, byvoorbeeld, het die verhoogde minimum deposito en die verkorting van die maksimum terugbetalingstermyn van huurkoopkrediet in werklikheid die besteding aan duursame verbruiksgoedere verminder. In 'n toestand waar die binnelandse volkshuisvesting gestimuleer moet word, kan hierdie voorwaardes verslap word in 'n

poging om die vraag na hierdie goedere te stimuleer.

'n Ander maatreël wat aangewend kan word om private verbruiksbesteding te beïnvloed is die beperking van bankkrediet in die algemeen en in die besonder bankkrediet vir verbruiksbesteding. Die identifisering van bankkrediet aangewend vir bestedingsdoeleindes is in die praktyk egter nie so maklik nie en die owerhede moet vir hierdie doel op morele oorreding staan maak. Daarbenewens sal 'n algemene beperkende monetêre beleid, insluitende hoër rentekoerse, natuurlik neig om 'n verlaging in die beskikbaarheid en 'n stygging in die koste van krediet in die algemeen te weeg te bring.

Sedert 1964 het die owerhede dit by verskeie geleenthede noodsaaklik gevind om van een of meer van die bogenoemde maatreëls gebruik te maak. Voor die instelling van die verkoopreg in 1969, het die amptelike maatreëls om private verbruiksbesteding te beïnvloed hoofsaaklik uit veranderings in rentekoerse en die voorwaardes van huurkoopkrediet bestaan. Gedurende die jare 1968, 1969 en 1970, het private verbruiksbesteding in die algemeen, en besteding aan duursame goedere in die besonder, teen oormatige koerse gestyg en moes beperkings om die koers van toename in verbruiksbesteding te verlaag, ingestel word. Gevolglik het die owerhede persoonlike inkomstebelastingskoerse verhoog ten einde beskikbare persoonlike inkome te verlaag, die verkoopreg en ander indirekte belastings verhoog om besteding deur hoër pryse te ontmoedig, strenger voorwaardes t.o.v. huurkoop- en ander klasse van verbruikerskrediet ingestel om negatiewe besparing te verminder, leningsheffings en amptelike rentekoerse verhoog, en rentekoerse in die algemeen toegelaat om te styg ten einde besparing aan te moedig. Hierdie maatreëls het daarin geslaag om die koers van toename in verbruiksbesteding gedurende 1971 te verminder. Daarna, toe 'n ekspansionistiese beleid wenslik geword het, is hierdie maatreëls verslap en het verbruiksbesteding, en in die besonder reële verbruiksbesteding aan duursame goedere, gedurende 1972 weer teen 'n vinniger koers gestyg.

V. Verbruiksteorieë

'n Verskeidenheid van teorieë oor verbruikersgedrag, d.w.s. private verbruiksbesteding, is deur ekonome aangebied. Die eenvoudigste verklaring van die totale verbruiksbesteding is die Keynesiaanse hipotese. Volgens hierdie teorie verander verbruiksbesteding in dieselfde rigting as die verandering in beschikbare persoonlike inkome, maar met 'n kleiner bedrag. So sal 'n toename in sy beschikbare persoonlike inkome die verbruiker beweeg om sy besteding aan verbruikersgoedere met minder as die absolute stygging in sy inkome te verhoog. Dit beteken dat die grensverbruiksgeneigdheid kleiner as 1 is.


Empiriese toetsing van bogenoemde teorie het geleid tot die formulering van die relatiewe inkome-

hipotese. Hierdie teorie voer aan dat verbruiksbesteding nie bepaal word deur absolute inkome nie (soos deur Keynes veronderstel), maar eerder deur relatiewe inkome. Volgens J. S. Duesenberry, die eerste teoretikus wat op die Keynesiaanse hipotese voortgebou het, is 'n belangrike doelstelling van individue in enige gemeenskap om hulle lewenstandaard te verhoog, d.w.s. om meerderwaardige goedere te verbruik. Ten einde 'n hoër sosiale status in die gemeenskap te verkry, is dit vir die individu nodig om 'n hoër vlak van verbruik, wat aan die verbruik van meer goedere en goedere van 'n beter kwaliteit gekoppel is, te bereik en in stand te hou. Die begeerde bedrag van die verbruik uit die verbruiker se inkome hang derhalwe af van die verbruiker se inkome relatief tot dié van ander lede van die gemeenskap, d.w.s. van sy relatiewe posisie op die inkome-skaal van sy gemeenskap. Individuale verbruikers tree hiervolgens dus op 'n onderling afhanglike eerder as op 'n onafhanglike manier op. In die besonder neem hierdie teorie aan dat die individu gedurende enige gegewe tydperk 'n kleiner gedeelte van sy inkome sal verbruik hoe hoër sy relatiewe posisie in die spesifieke inkomstegroep is. So lank as wat die verbruiker in dieselfde relatiewe posisie bly, sal hy voortgaan om dieselfde gedeelte van sy inkome te verbruik soos die absolute peil van sy inkome styg. 'n Soortgelyke beginsel is van toepassing op die verbruiksbesteding van die gemeenskap in sy geheel, waarvoor lewenstandaarde neig om ten minste gedeeltelik bepaal te word deur die hoogste peil van die beschikbare persoonlike inkome wat in die verlede geniet is.

'n Ander verbruiksteorie is die permanente inkome-hipotese wat deur M. Friedman geformuleer is. In hierdie teorie onderskei Friedman tussen „permanente“ en „toevallige“ inkome wat tesame die werklike waargenome of gemete inkome gedurende 'n spesifieke tydperk uitmaak. Permanente inkome kan voorgestel word as daardie deel van waargenome of gemete inkome wat die verbruiker, op grond van sy ondervinding in die verlede en sy verwagtings omtrent die toekoms, as „normaal“ vir die tydperk sou beskou. Aan die einde van die tydperk kan hy vind dat sy gemete inkome van sy verwagte inkome verskil en die verskil word toevallige inkome genoem. Die bedrag wat die verbruiker gewillig is om gedurende 'n tydperk op verbruikersgoedere te bestee, sal afhang van sy permanente inkome eerder as van sy werklike inkome gedurende die tydperk. Volgens hierdie teorie is private verbruiksbesteding derhalwe nie 'n direkte funksie van beschikbare persoonlike inkome nie, maar eerder 'n funksie van daardie gedeelte van beschikbare persoonlike inkome wat deur permanente inkome verteenwoordig word.

F. Modigliani en andere het alternatiewe vorms van hierdie teorie ontwikkel waarin van 'n konsep van permanente rykdom of vermoë eerder as van permanente inkome gebruik gemaak is. Verbruiksbesteding

Gekorreleerde waardes van private verbruiksbesteding (C) en beskikbare persoonlike inkome (Y_d) : 1953-1972



gedurende 'n bepaalde tydperk sou, volgens hulle, geneig wees om bepaal te word as 'n sekere breukdeel van die bestedingseenheid se rykdom; hierdie breukdeel is self egter weer afhanglik van die stadium wat die bestedingseenheid (huishouing) in sy sogenaamde „lewensiklus“ bereik het.

Die beskikbare statistiese gegewens is nie voldoende om hierdie hipoteses te aanvaar of te verworp nie. Teoretici stem oor die algemeen egter saam dat daar vir sowel die individuele huishouing as die volkshuishouing in sy geheel 'n noue verwantskap bestaan tussen beskikbare persoonlike inkome en die bedrag wat aan private verbruiksbesteding toegedeel word. In die geval van Suid-Afrika bestaan daar 'n goeie verwantskap tussen private verbruiksbesteding (C) en beskikbare persoonlike inkome (Y_d) vir die tydperk 1953 tot 1972, soos duidelik blyk uit die bygaande grafiek. Alhoewel dit duidelik is dat private verbruiksbesteding oor die langtermyn nou verwant is aan inkome, is daar ook ander faktore wat van besondere belang kan wees by die bepaling van toenames in verbruiksbesteding wat gepaard gaan met 'n gegewe toename in die beskikbare persoonlike inkome.

Die grensverbruiksgeneigdheid in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1954 tot 1972 is gekenmerk deur opvallende skommelings, soos blyk uit tabel 3. Hierdie verskynsel kan in 'n groot mate toegeskryf word aan skommelings in die inkome van die boerderygemeenskap wie se inkome 'n aansienlike deel van die totale beskikbare persoonlike inkome verteenwoordig.

Tabel 3.

Absolute veranderings in beskikbare persoonlike inkome en private verbruiksbesteding en die grensverbruiksgeneigdheid.

	Beskikbare persoonlike inkome	Private verbruiksbesteding	Grensverbruiksgeneigdheid
R miljoene			
1954	184	131	0,71
1955	221	183	0,83
1956	132	113	0,86
1957	219	182	0,83
1958	76	138	1,82
1959	200	118	0,59
1960	96	168	1,75
1961	332	112	0,34
1962	248	187	0,75
1963	286	294	1,03
1964	326	489	1,50
1965	552	394	0,71
1966	562	410	0,73
1967	600	424	0,71
1968	398	546	1,37
1969	647	665	1,03
1970	827	796	0,96
1971	1 126	808	0,72
1972	1 136	948	0,83

VI. Opsomming en gevolgtrekkings

Moderne beplannings- en navorsingstegnieke vereis uitgebreide ekonomiese statistiek. Hierdie artikel poog om omvattende statistiek van private verbruiksbesteding te voorsien vir die doeleindes van, onder meer, beplannings- en bemarkingsnavorsing. Verder bevat dit 'n bespreking van die strukturele veranderings wat gedurende die na-oorlogse tydperk plaasgevind het. So word daar aangetoon dat die besteding aan duursame en semi-duursame goedere, en meer in die besonder aan meubels, huishoudelike toerusting, motors, en klerasie en skoeisel, baie vinniger toegegaan het as die besteding aan goedere van 'n nie-duursame aard, bv. voedsel, drank en tabak. Wat prysveranderings betref, is gevind dat verbruikerspryse in die algemeen 'n betreklik lae koers van toename getoon het vanaf ongeveer die middel-vyftigerjare tot aan die einde van die sestigerjare, maar dat die koers van toename daarna skerp versnel het. Die ondervinding toon ook dat fiskale en monetêre beleidsmaatreëls en meer direkte maatreëls wat daarop gemik is om private verbruiksbesteding, en in die besonder besteding aan duursame goedere, te beïnvloed, suksesvol was.